

UITVOERENDE OPSOMMING

Hierdie studie is uitgevoer na aanleiding van die uitgerekte probleem en uitdagings van onwettige elektrisiteitsverbindings vir elektrisiteitsvoorsieners. Hierdie studie poog om by te dra om onwettige elektrisiteitsverbindings in KwaZulu-Natal, Suid-Afrika te beveg; dit is nog nooit tevore op hierdie wyse ondersoek nie. Beduidende inkomste word van diensmaatskappye gesteel as gevolg van onwettige elektrisiteitsverbindings, die wat elektriese meters omseil en met elektrisiteitsnetwerke peuter. Dit dra tot openbare veiligheidsrisiko's, fataliteite, skade aan eiendom, en oorklading van elektrisiteitsnetwerke by. Dit lei weer tot oorklading van transformators en elektrisiteitsnetwerke, gebrek aan kragvoorsiening, verlengde onbeplande kragonderbrekings, werksverlies, voedselsekureitrisiko, ernstige swak ekonomiese ontwikkeling, skade aan elektrisiteitinfrastruktuur, verlies aan inkomste, elektriese skok, en huise wat afbrand. Dit lei tot die onderbreking van voorsiening aan wetlike en insiklike klante met rampspoedige gevolge. Dit is dus moeilik om voorsiening en vraag na elektrisiteit in hierdie omstandighede te bestuur, veral in hierdie tyd wat Suid-Afrika drukkende elektrisiteitvoorsiening beleef.

In hierdie verhandeling onthul die internasionale en nasionale perspektiewe die aard en mate van onwettige elektrisiteitsverbindings. Dit was ondersoek hoe onwettige elektrisiteitsverbindings tans beveg word en watter spesifieke veiligheidsmaatreëls geïmplementeer kan word om die bevegting van onwettige elektrisiteitsverbindings te bevorder.

Die gevallestudie-ontwerp is gebruik om die onderhoudgewers se menings, sienings, perspektiewe en ervarings in meer besonderhede te ondersoek deur onderhoude, waarnemings en saakdossierontledings te gebruik. Die ontwerp het die gebruik van spesifieke steekproefgroepe, prosedures en tegnieke wat vir dataversamelings en -ontleding gebruik is, gerig. Die ontwerp en ontwikkeling van die verskillende dataversamelinginstrumente en die bestuur van die instrumente is geïmplementeer om geldigheid, betroubaarheid, akkuraatheid en geloofwaardigheid van die versamelde inligting te verseker.

Die studie se bevindings help elektrisiteitsdienste om hierdie verskynsel beter te bestuur. Aanbevelings is geformuleer om belanghebbers te help om hul rolle te bevorder in die stryd om onwettige elektrisiteitsverbindings te beveg.

